

BESWARE TEEN 'N NUWE DRANKLISENSIE

Die publiek kan beswaar aanteken teen 'n nuwe aansoek vir 'n drank lisensie.

HOE VIND MENS UIT VAN 'N AANSOEK VIR 'N DRANKLISENSIE?

- Die aansoeker moet 'n kennisgewing by die perseel op sit waar hy/sy beplan om drank te verkoop.
- Die aansoek moet geadverteer word in 'n plaaslike koerant.
- Dit word geadverteer op die webwerf van die Wes-Kaapse Drankowerheid: <https://www.wcla.gov.za>
- Dit word geadverteer in die Staatskoerant.
- Die Aangewese Drankbeampte (Suid-Afrikaanse Polisie diens) moet die naburige inwoners inlig van die aansoek vir 'n dranklisensie.
- Die gemeenskapspolisiëringsforum word ingelig oor die aansoek.

WAT KAN MENS DOEN OOR 'N AANSOEK?

As jy en ander inwoners vermoed daar sal negatiewe gevolge wees as die aansoek suksesvol is, mag jy beswaar aanteken teen die aansoek.

Hoe om beswaar teen 'n aansoek aan te teken:

- Jy het 28 dae van die dag van publikasie om beswaar aan te teken of kommentaar te lewer op 'n aansoek.
- Jy kan beswaar aanteken of kommentaar lewer op 'n aansoek direk aan die Wes-Kaapse Drankowerheid deur 'n brief of e-pos te stuur (sien adres hieronder).
- Jy moet jou naam, adres, ID nommer, en/of maatskappyregistrasienuommer, kontaknommers (telefoon nommer of e-pos adres) en fisiese adres verskaf.
- Die naam en die adres van die perseel waarvoor aansoek gedoen word moet duidelik gestel word op die beswaar of kommentaar.
- Gee volledige redes vir jou besware, gebaseer op feite, met datums, tye, en voorbeelde van voorvalle. Dit is belangrik dat besware gerig is op 'n spesifieke aansoek.
- U kan beswaar maak as individu of as 'n belangstellende groep.

VOORBEELDE VAN ALGEMENE BESWARE

Daar is alreeds teveel drank lisensies in die area.	Daar is al reeds drankmisbruik in die gemeenskap.
Daar is baie misdaad in die area en mense voel onveilig.	Dit sal onaanvaarbare geraas veroorsaak.
Daar is nie voldoende parkering by die spesifieke perseel nie.	Die perseel is geleë in 'n residensiële woongebied.

As die goedkeuring van die dranklisensie die volgende negatief sou beïnvloed:

- die inwoners van 'n woonbuurt bv. persoonlike veiligheid van inwoners
- die inwoners van 'n ouetehuis of soortgelyke instansie
- die leerders van 'n opvoedkundige instelling (bv. skool) wat onder die ouderdom van 18 jaar oud is
- die pasiënte van 'n instelling vir dwelm en alkohol verwante afhanklikheid
- die gemeentelide van 'n godsdienstige instelling naby die voorgestelde lisensie perseel.

WENKE OOR HOE OM BESWARE AAN TE TEKEN

- Besware is nie beperk tot die bogenoemde voorbeelde nie. Hoe meer spesifiek 'n beswaar is en as dit met getuienis ondersteun word, sal dit meer gewig dra. Byvoorbeeld, 'n algemene stelling dat daar 'n groot alkoholmisbruikprobleem in die Wes-Kaap is, is nie spesifiek genoeg om 'n bepaalde aansoek af te keur nie. Die beswaar moet spesifiek wees aan die area en die sienings en waarnemings van die inwoners.
- Die beswaar moet die verband wys tussen die spesifieke aansoek, die kans vir probleme, en dat as die aansoek suksesvol is dat dit tot meer probleme sal lei.
- Huidige probleme in die area moet aangemeld word, byvoorbeeld, dat daar statistieke is wat wys dat misdaad 'n probleem is.

KONTAK ONS

3de Vloer, Sunbel Gebou, 3 Ou Paarl Pad, Bellville, 7530

Tel: 021 204 9805/9700 • E-pos: liquor.enquiries@wcla.gov.za • www.wcla.gov.za